

Nuwe lewe!

Oral blink U Naam en Majesteit!

Ons is nuwe mense

Lewe na die dood

A pair of hands, one light-skinned and one dark-skinned, are cupped together, holding a mound of dark brown soil. A small green seedling with two leaves is growing out of the soil. A pink, egg-shaped object is also visible in the soil.

Die Fontein!!!



DIE MAAND IN DIE FONTEIN

SEPTEMBER 2025

Redaksioneel

01 Uit die redakteur se pen

Geestelike groei

02 Woordoordenking

03 Lente ... Nuwe lewe!

04 Oral blink U Naam en Majesteit

06 Die Nuwe Lewe

07 Lewe na die dood

08 Gebedsversoeke: Nuwe lewe

Gemeentenuus

09 Mentors vir gevangenes

10 Gemeentekamp

11 Sestig jaar van oorfloedige genade

13 Deputate Diakonale Sake

14 Kerkfinansies

Rubrieke

15 Nuwe lidmate

16 Kollig: Tradisionele Dienste

17 Dit borrel in my!

18 Blokraaisel

19 Het jy geweet?

20 Diere en voëls van die Bybel

21 Tienerfokus

25 Briewekolom

Kinderhoekie

22 Vervolgverhaal

23 Kleuterpret

24 Jongmensjolyt


Advertensies

26 Snuffelfontein en
Blokadvertensies

Teks vir die maand: “Iemand wat aan Christus behoort, is ’n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom. Dit alles is die werk van God.”
2 Korintiërs 5:17-18

Uit die Redakteur se Pen

Johnny Beumer



Ons tema vir September is “**Nuwe Lewe**”. Ons het hierdie tema gekies omdat September die eerste maand van die lente is en alles in die skepping na die winter begin lewe. Die dae raak langer, die klimaat buite raak meer aangenaam, bome begin bot, dis lekker om na die voël- en dierelewe te kyk en mense begin tuinmaak. Ons kan in hierdie lentetyd veral die hand van die Here in sy skepping raaksien. Dit laat ons veral dink aan daardie mooi Psalm 8 waar Dawid die skepping besing.

Die lente waartydens die oplewing van die skepping so duidelik waargeneem kan word, kan ook met die nuwe lewe wat ons as gelowiges leef, vergelyk word. Soos wat God alles in die natuur so perfek en volmaak geskep het, so het Hy deur die werking van die Heilige Gees sy uitverkorenes tot bekering geroep en hulle as wedergebore mense ’n nuwe lewe gegee. Dit is ’n lewe waarin ons die ou natuur al hoe meer kruisig en deur sy Gees ons al hoe meer beywer om nuut te lewe totdat ons eendag die volmaakte bereik wanneer ons vir ewig saam met Christus sal wees.

Benewens ons tema-artikel, sluit ons ook ’n artikel oor die skepping (“Oral blink U Naam en Majesteit”) in met die doel dat ons daarin God se grootheid sal raaksien. Verder is daar ’n artikel oor die gelowiges as nuwe mense en ons neem ook ’n kykie na die lewe na die dood op die nuwe aarde wat God in sy Woord aan ons belowe.

Geniet hierdie maand se artikels en ek vra maar weer om asseblief vir ons terugvoer te gee in die volgende uitgawe d.m.v. ons Briewekolom. Ons wil graag sien dat meer lidmate deelneem aan ons blad en die Briewekolom waarin jy ’n briefie met jou standpunt of mooi getuigenis kan plaas, is die ideale platform daarvoor.

Jy mag as lidmaat ook ’n gratis klein advertensie in die blad se Snuffelgids plaas. Sr. Clarissa in die kerkkantoor sal jou met liefde hierin bystaan. Jy kan ook ons blokkiesraaisel voltooi en instuur. Dit is groot pret!



Stuur asseblief jul insette en advertensies na
fontein@annlin.co.za



WhatsApp die kerk-
kantoor by **079 162 3453**.



Gooi jou brief in die boksie
by die kennisgewingbord.

Woorddoordenking: Ons nuwe lewe in Christus

Eugene du Plessis



Petrus begin sy brief met 'n pragtige loflied waarin hy ons herinner aan twee sake wat nooit verander nie:

Ons het 'n lewende hoop en 'n veilige erfenis in Christus.

Ons hoop is lewend omdat Christus leef. Sy opstanding beteken dat dood en wanhoop nie die einde van die storie is nie. Ongeag waarmee ons worstel: hartseer, sonde, gesondheid of vrese oor die toekoms, daar is altyd hoop vir ons wat aan Hom behoort. Dit is nie die soort hoop wat met omstandighede of twyfel vervaag nie. Die woord vir “hoop” in Grieks wys op 'n vaste en versekerde uitkoms omdat dit in ons opgestane Christus rus. Selfs in ons moeilikste, donkerste tye verseker hierdie hoop ons dat ons Verlosser leef en ons het lewe in Hom.

“Ons word wedergebore en 'n plek in die hemele verseker, by en in God se heilige teenwoordigheid ... 'n onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis.”




Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:3-9

(Fokus: 3-4)

Sing: Psalm 16-1: 1,2,3



En dan voeg Petrus by dat ons 'n erfenis het wat op ons wag. Iets onaantasbaar, onverganklik en onverwelklik. Dink daaraan: alles wat vir ons in hierdie wêreld kosbaar is, verval mettertyd. Besittings breek, gesondheid verswak, herinneringe vervaag, **maar wat God aan sy kinders belowe, is ewig en veilig.** Ons word wedergebore en 'n plek in die hemele verseker, by en in God se heilige teenwoordigheid. Daarom is dit 'n onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis. Dit sal nooit sy skoonheid verloor nie. Deur Christus ontvang ons hierdie ewige lewe en dit is nou reeds aan ons gegee. Daarom kan ons nou reeds met vryheid en vreugde in Hom leef. Ons hoef nie aan tydelike dinge vas te klou asof dit al is wat ons het nie. Ons kan met vrymoedigheid, liefde en vertroue leef, want ons ware skat is reeds veilig by God.



Laat ons troos vind, deur Christus is ons nuwe lewe gegee, geanker in 'n lewende hoop en verseker van 'n ewige erfenis. Niks in hierdie wêreld kan dit wegneem nie.

Lente ... Nuwe lewe!

Henriëtte Mulder



**“Nuwe lewe kan slegs
geskied wanneer ons
vir God vra om ons te
lei om die regte ding te
doen ...”**

Orals waar ons om ons kyk, begin die bome verkleur met pragtige bloeisels wat die begin van nuwe lewe aandui. Die paddakoor is hard aan die oefen en die goggas begin om een vir een 'n draai te kom maak as hulle ligte sien.

So kan ons elke jaar in die natuur sien wanneer die nuwe lewe begin – wanneer die winter klaarmaak. Daar is 'n vrolikheid in die lug, nie net by die mens nie, maar ook in die natuur. 'n Nuwe lewe het gekom, die doodsheid is vir nog 'n seisoen agtergelaat.

“God het elke ding gemaak dat dit pas in 'n bepaalde tyd, maar Hy het ook aan die mens 'n besef gegee van die onbepaalde tyd.” (Pred. 3:11)

Soos wat die seisoen van winter sy tyd gehad het en moes oorskuif na 'n volgende seisoen – een wat lewe bring – net so moet ons bewus wees van wanneer die tyd gekom het vir ons om oor te beweeg na die nuwe seisoen van ons lewens.

Soos ons sien in Pred. 3:11 het alles in ons lewens 'n bepaalde tyd – 'n tyd vir 'n einde, 'n tyd vir 'n nuwe begin, 'n tyd vir verandering.

En om oor te skuif na die lente van ons lewens kan en gaan vir elkeen van ons verskillend lyk. Dit kan wees:

- ✿ Om 'n nuwe werk te begin.
- ✿ Om 'n verhouding te verlaat wat net sleg is vir jou.
- ✿ Om te besef dat dit is waar jy tans moet wees (al dink jy nie noodwendig so nie).
- ✿ Om weer kontak te maak met iemand vir wie jy dalk kwaad was en weggeskuif het uit jou lewe.
- ✿ Om vrede te maak en vergifnis te vra wanneer jy iemand te na gekom het.

Lente ... Nuwe lewe! (vervolg)

Nuwe lewe kan slegs geskied wanneer ons vir God vra om ons te lei om die regte ding te doen – om ons te leer om die nuwe lewe en geleenthede wat daarmee saamkom tot eer van Hom te gebruik.

Maar dan word daar ook in Pred. 3:11 die volgende genoem:

“... maar Hy het ook aan die mens ’n besef gegee van die onbepaalde tyd.”

Die tyd wat ons nie kan meet nie, maar wat God presies uitgemeet het om alles te laat uitwerk soos Hy beplan.

Dis die tyd wat Hy gebruik om ons harte na Hom te draai – om ons te herinner dat ons Sy kinders is, dat Hy vir ons aan die kruis gesterf het sodat ons weer ’n nuwe lewe kan kry. Die nuwe lewe in Christus.

Paulus maak ons in 2 Kor. 5:17 bewus van daardie waarheid:

“Iemand wat aan Christus behoort is ’n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom.”

“Ons lewe op geleende tyd – tyd waarin ons kan verander en vernuwe.

Tyd waarin ons die lewe wat ons in Christus gekry het, kan geniet ... ”

En as ’n nuwe mens, kan ons nie aanhou om te doen wat ons gedoen het toe ons die ou mens was nie. Ons moet biddend stry teen die verkeerde en smagtend smee om te doen wat reg is in die oë van die Here.

Ons lewe op geleende tyd – tyd waarin ons kan verander en vernuwe. Tyd waarin ons die lewe wat ons in Christus gekry het, kan geniet, soos wat daar ook in Pred. 3:12 genoem word:

“Ek het tot die insig gekom dat daar vir ’n mens niks beter is nie as om vrolik te wees en die goeie van die lewe te geniet.”

En wat beter is daar om oor vrolik te wees en te geniet, as die nuwe lewe wat Christus uit genade vir ons geskenk het.

Oral blink U Naam en Majesteit

Danie Smit



“Here, ons Here, hoe wonderbaar is U Naam oor die hele aarde, hoe glansryk alles wat U in die hemelruim geplaas het!”

Psalm 8:2

Met ons aardse kalender verander die aarde sy eeu-oue wentelbaan in die hemelruim rondom die son op middernag 21 Junie. Die dae in die noordelike halfgrond word korter en kouer, terwyl dié in die suidelike halfgrond stadig warmer en langer word.

Op 22 September is dag en nag ewe lank wanneer die ewenaar direk in lyn is met die son. Op 23 September skuif die aarde se wentelbaan nog verder noord en die son se blink strale bring nuwe lewe in die suidelike halfgrond.

Gedurende die wintermaande het die landskap uitgedroog en afgekoel. Die groen plante, waarvan die meeste blomdraers is, het teruggekrimp en hulle voorkoms heeltemal verander. Die takke is droog met geen blare nie en die veld is vaal sonder blomme.

Soms is daar ook lang wintertye in ons lewens. Alles kan vir ons vaal en leweloos lyk met geen uitkoms vir die toekoms nie. Maar die lente het nou aangebreek:

’n Tyd vir nuwe lewe.

Teen die hange van die Magaliesberg blom die dikbasbome spierwit. Dit is die eerste aanduiding dat die seisoen gedraai het. Kort hierna volg die bloedrooi koraalbome en uit die droë grond stoot die bolplante helderkleurige blomme en groen blare uit: blommeprag soos net God in sy almagtigheid dit kon skep. So word die vaal landskap in September lowergroen, met al die bome wat bot in afwagting op die verkwikkende

somerreëns op die dorre landskap.

Sien God se almag in Sy skepping raak!

Sal Hy dan nie ook vir ons as Sy kinders elke dag versorg en onderhou nie? Ons is tog baie meer werd as die gras en die plante van die veld wat vandag daar is en môre verbrand word. Net so moet ons weet dat God ons ook elke dag sal versorg en onderhou.

Sy genade en liefde sal die wintertye van ons lewens gou weer verander in lente- en somertye, ’n tyd vir nuwe groei, ’n tyd vir ’n nuwe begin.



Die Nuwe Lewe

Ds. Attie Venter

Daar is drie groot Heilsmomente in 'n Christen se lewe. Die eerste is Regverdigmaking. Daarin spreek God die mens met 'n lang geskiedenis van sonde vry van alle aanklagte teen ons en verklaar ons onskuldig op grond van Jesus se verdienste.

Die derde is Heerlikmaking. Dit is die finale fase van ons vernuwing en behels die inwoning in die Nuwe Jerusalem met verheerlikte liggame in volkome gehoorsaamheid.

Die tweede – waarby ons vandag stilstaan – is **Heiligmaking**.

Let wel, hier word gepraat van Heiligmaking en nie Heiligwording nie omdat God Drie-enig die mens deur sy werking tot hierdie heiligheid lei. Ons geestelike groei lê nie daarin dat ons al beter raak in ons berou en vergiffenis vra en daarvoor dankie sê nie, maar om die sonde al meer te oorwin. God wil dat ons al minder jammer sê omdat ons al minder sonde doen. En dit is een van die kenmerke van 'n nuwe lewe. Die sonde raak al minder aantreklik en is nie meer 'n opsie in jou hantering van sake nie. Ons liefde, eer en respek vir God se wil, groei al groter. Die goddelike manier van doen, neem al hoe meer van jou besluite en hantering van sake oor.

God gebruik die beeld van 'n geboorte om hierdie verandering te beskryf. Die nuwe lewe is die proses waar ons na die wedergeboorte Jesus se waardes ontdek, liefkry en koester.



“Ons liefde, eer en respek vir God se wil, groei al groter. Die goddelike manier van doen, neem al hoe meer van jou besluite en hantering van sake oor.”

'n Nuwe mens is wel nie dadelik volmaak gehoorsaam nie, maar streef na al groter volmaaktheid met woorde, dade en gedagtes. Daarin groei die mens soos 'n pasgebore baba. Jy groei weg van jou hulpelose swakhede en gebrek aan kennis en begrip en word 'n kragtige volwassene.

Jou lewe van sonde teen God en van mense seermaak, walg jou al meer en jy omhels die regte waardes elke dag al sterker om uiteindelik volwasse te wees. 2 Kor. 5:17 beskryf dit as 'n **“nuwe natuur”**.

Die sonde het die mens se ingeskepe goeie natuur vernietig en verander in 'n korrupte natuur van “altyd teen God, altyd sleg en nutteloos vir diens aan God en ons naaste”.

Maar nou sien die wedergebore Christen die wêreld al meer deur die oë van Jesus Christus. Dit bring 'n diepe vertroue in God en 'n lewende verhouding met Hom. 'n Soeke na sy wil en betekenis van ons lewe.

Hierin sal ons groei en soms terugval en onself haat oor ons swakheid en weer probeer en weer probeer tot ons uiteindelik in die ewige lewe die volmaaktheid in God Drie-enig sal vind.

Lewe na die dood

Prof. Nico Vorster

Die Bybel vertel ons nie baie oor die lewe na die dood nie. Dit volstaan bloot met beloftes: na ons dood is ons by God (1 Tess. 4:14), 'n liggaamlike opstanding sal plaasvind (1 Kor. 15:22), ons sal in die nabyheid en teenswoordigheid van God en ons medegelowiges leef (Op. 20:3), ons sal ware vreugde ervaar (1 Pet. 1:4), nie langer gebonde wees aan pyn of leed nie en ons sal in diens van die Here werk (Op. 21:4).

Veel meer word nie gesê nie. Hiermee kan en moet ons tevrede wees. Vir gelowiges is God se beloftes goed genoeg. Die kruisdood en opstanding van Christus is vir ons 'n tasbare bewys van God se getrouheid en van sy mag oor die dood.

Wanneer ons vrae stel aan die Skrif wat dit nie probeer beantwoord nie, kan ons maklik in 'n doolhof beland. Ons hoef nie die presiese wat, wanneer en hoe van die lewe na die dood te verstaan nie. In 'n sekere sin staan die lewe na die dood onder die teken van die **“nog nie.”**

Dit het te doen met 'n komende en gans anderse realiteit wat ons beperkte menslike verstand nooit sal kan verstaan of begryp nie.

“Die kruisdood en opstanding van Christus is vir ons 'n tasbare bewys van God se getrouheid en van sy mag oor die dood.”

In 1 Pet. 1:4 praat die skrywer van die lewe na die dood as iets onuitspreekliks groot. Hy kan alleen negatiewe terme gebruik om dit te omskryf: onverganklik, onbesmet, onverwelklik.

Vanuit 'n Bybelse oogpunt is die **“hier en nou”** van allergrootste belang. Die oorlog teen die bose is nog nie verby nie. Die beslissende veldslag is aan die kruis gewen, maar die finale oorwinning kom nog. Soos dapper soldate moet ons in die geestelike stryd volhard en ons gawes in diens van die Here gebruik totdat sy koninkryk ten volle kom. Tot dan bly die **“nog nie”** op die agtergrond.

Die Bybel maak eintlik vir ons die **“nog nie”** net op skrefies oop, sodat ons met hoop kan leef en met volharding kan bly stry. Uiteindelik kan ons troos vind in die feit dat niks op hemel en op aarde – selfs ook nie die dood nie – ons van die liefde van God kan skei nie. God wek op, want Hy het ons lief en Hy wil graag in ewige gemeenskap met ons leef.



Gebedsversoeke -

Oral blink U Naam en Majesteit

Carina Pyper

Oral blink U Naam en Majesteit!

Die wonder van God se skepping, die natuur, is 'n toonbeeld van God se wonderlike algemene openbaring aan Sy kinders. Sy skepping praat met ons, dit openbaar Sy grootheid en almag deur al die eeue heen en tot in alle ewigheid.

Ps. 19:2-5 NLV sê

“Die hemele verkondig die heerlikheid van God. Die uitspansel getuig van die werk van Sy hande. Die een dag vertel vir die ander dag; die een nag vir die volgende nag. Hulle praat sonder woord of klank, geluidloos is hulle stem; hulle boodskap gaan uit oor die hele wêreld, hulle woorde tot die uiterste van die aarde.”



Ons bid saam:

Hemelse Vader, as ons opkyk na die hemel en die grootheid van alles wat U geskep het, aanskou, is die werklikheid van U Godheid en Grootheid 'n lied in ons harte. Dit kon nêr tot stand kom deur U almag en skeppings-Woord. U spreek en dit is. Dankie daarvoor Here! Dit bou en sterk ons in ons geloof om na elke pragtige blom, dier en landskap te kyk. Dankie vir die seisoene: waar ons ook nou die ontluikende lente inwag, dat ons U ook so sal ervaar deur die werking van die Heilige Gees in ons lewens, dat ons sal groei in ons werke en geloof. Aan U kom toe al die eer en heerlikheid tot in alle ewigheid.

AMEN



Psalm 72:19 sê

“Sy luisterryke Naam moet vir ewig geprys word; mag sy heerlikheid die hele aarde vul. Amen, amen.”

Daar is 'n gebedsbedieningsgroep wat gebedsversoeke hanteer. Indien u anoniem wil bly, is dit geen probleem nie. U saak sal op dieselfde wyse aan die Here opgedra word. Volg **hierdie skakel** op Annlin se webblad na gebedsbediening.

Sing Psalm 148:5

Laat almal saam die Here prys: sy Naam alleen het hoog gerys; oor aarde en hemel, vêr en wyd, sien ons sy glans en majesteit. Hy wou die horing vol vermoë, die glorie van Sy volk verhoë: Sing dan, o volk, met hoog geskal die lofsang van die groot heeal.



Mentors vir gevangenes

Andries Leuschner

Mentors vir geloofsuitreik onder gevangenes wil graag met u deel hoe waardevol hulle dit sêlf vind om God te dien deur mense in gevangenis te help in hulle geloofslewe. Hulle ondergaan self 'n wonderlike geloofservaring in die proses! Bo alles is dit waardevolle evangelisering aan gevangenes wat daarvoor gevra het.

Andrie:

Daar kan baie gesê word oor wat die mentorprogram vir die gevangenes beteken. Ek wil egter vandag fokus op wat dit vir my persoonlike groei beteken het. Uit die aard van die saak doen ek baie meer in diepte bybelstudie omdat ek iemand anders moet begelei. Een week het ek een van die studente se naam herken en geweet wat die oortreding was. Skielik was dit moeilik en was ek bevooroordeeld. Ek het vir 'n paar dae intens hiermee geworstel, maar uiteindelik die lig gesien. Ek het opnuut besef dat ons almal skuldig is en dat ons net deur die genadegawe van Jesus se offer van die dood gered kan word. Dieselfde geld vir daardie student. Wie is ek om te oordeel. Ek dink dit was een van die waardevolste lesse wat ek nog geleer het. Ek het lankal die kopkennis gehad, maar daardie week het dit harts kennis geword ...

Andries

Jesus wat oor die Hiernamaals gesê het: "Ek was in die gevangenis en julle het my besoek" en vir die wat verlore gaan, "Julle het my nie besoek nie", het my laat dink oor waar ek staan. Maar ek het nie kans gesien om na die tronk toe te gaan nie. Toe die geleentheid op my pad kom om wel uit te reik na gevangenes sonder om hulle fisies te besoek, kon ek dit nie laat verbygaan nie. En watter voorreg op pad saam met Jesus!

Dirk:

My oorweging om by Crossroads Prison Ministries betrokke te raak, was 'n gebedsaak! Gevangenisbediening is egte evangelisasie. Dit is 'n dankbaarheidsdiens om as mentor kinders van die Here in selle/tronke te begelei op die verlossingspad van Jesus Christus! Gevangenes (studente) kry die geleentheid om skriftelik antwoorde te soek wat voorheen vreemd of ongekend vir hulle was; jy as mentor kry die geleentheid om verrykend, skriftelik die student te begelei met Geesvervulde antwoorde – alles vanuit jou eie huis! Daarom roep Jesus ons in Matt. 25 tot medelye op. Wie dit aan noodlydendes betoon, doen dit in effek ook aan Hom: "Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen."

Adriana

(Crossroads Prison Ministries Administrateur)

In Matt. 13 lees ons die gelykenis van die saaiër. Die saad val op verskeie plekke en verdor of kom tot niks. 'n Ander deel van die saad val egter in goeie grond en groei tot volwassenheid. Met evangelisasiewerk weet mens nie altyd of die saad wat gesaai word in goeie grond sal val nie. Maar deur die Crossroads-program het ons dikwels die voorreg om te sien hoe die saad ontkiem, groei en selfs begin vrug dra! Help ons asseblief om ons sendinggroeping vanuit Matt. 25 tot Sy eer te kan uitleef. Bereik gevangenes vanuit die gerief van u eie huis en word 'n mentor OF borg 'n student.

As daar van ons lidmate is wat ook by hierdie waardevolle program betrokke wil raak of meer inligting hieroor verlang, is julle welkom om met broeders Andries of Dirk of met suster Andrie te gesels (Red.).

Gemeentekamp

Rika du Plessis

Die gemeentekamp is om die draai! Ons wil nie hê jy moet die persoon wees wat al die pret gemis het nie! Hier is al die inligting sodat jy vinnig jou plek kan verseker!

Oktober het gekom en gegaan.
Dit het my heeltemal ontgaan.
Ek wou nog vir die kamp bespreek,
ons hoor dan die afkondiging elke week.

Daar was nog so baie plek,
toe duik my plan in die hek.
Nou het ek soveel gemis,
ek wou ook saam met almal gaan uitrus.

Gelukkig skrik ek wakker ... dit was net 'n droom!
Ek gaan beslis nie verder skroom.
Laat ek dadelik die inligting gaan soek
en seker maak dat ek my plekkie betyds boek!

Wat bring jy saam:

Eie Bybel	Eie vleis vir Saterdagagaand
Eie beddegoed	se braai.
	Eie eetgerei

Wanneer: 10 - 12 Oktober 2025

Waar: EGK Eden Kampterrein
Molotopad uit. 42km van die kerkgebou.

Kostes: Betaal na vermoë.
Fondse is beskikbaar om gemeentede
te subsidieer.



Riglyne (per persoon):
Besprekingsdeposito van R50
PLUS bydrae na vermoë.
Kerkkasrekening met
verwysing: NAAM+KAMP

Vrydag en Saterdag (met etes):
R400 = 13j en ouer
R250 = kind 6j tot 12j

Saterdag (met etes):
R300 = 13j en ouer
R200 = kind 6j tot 12j

Dagbesoekers:
R200 = 13j en ouer
R150 = kind 6j tot 12j

Program:

<u>Vrydag</u>	<u>Saterdag (vervolg)</u>	<u>Sondag</u>
15:00 Aankoms & kuier	8:45 Opening & ontbyt	Vroegoggend Koffie en beskuit
18:00 Ken-mekaar	9:45 Lofprysing	
19:00 Aandete	10:00 Tema	8:30 Erediens
21:00 Huisgodsdien	11:00 Tee-tyd	11:00 Brunch & kuier
	11:30 Tema	
Saterdag:	12:30 Eie-tyd	15:00 Finaal vertrek
7:00 Oggend-Safari rotasie	13:30 Middagete	
Koffie en beskuit	15:00 Boeresport	
Pitkos	17:00 Huisgodsdien	
Stil-tyd	18:30 Aandete	

Sestig jaar van oorvloedige genade

Danie Smit



Die Gereformeerde Kerk Pretoria-Annlin vier op Sondag, **19 Oktober 2025**, sy 60ste bestaansjaar nadat dit op **16 Oktober 1965** gestig is.

Annlin is in **1952** as woonbuurt van Pretoria geproklameer en die gemeenskap noord van die Magaliesberg het begin groei. Die Gereformeerde lidmate noord van die Magaliesberg is bedien deur ds. Herculaas Kruger van die Gereformeerde Kerk Eloffsdal-Wonderboom-Suid.

Daar was twee wyke: een vir die gesinne om Wonderboom-lughawe en een vir die gesinne in Annlin. Broeder Ben Smit, wat nog steeds 'n lidmaat van Pretoria-Annlin is, was diaken van die tweede wyk. Met die proklamering van Sinoville in **1959** was daar genoeg lidmate vir ds. Kruger om een erediens per maand in 'n saaltjie in Staatsdorp by Wonderboom-lughawe te hou.

Met die toename in lidmate is proponent Jan Boneschans as mede-leraar beroep, hoofsaaklik om die gesinne noord van die Magaliesberg te bedien. In **1965** was daar reeds agt wyke en kon 'n selfstandige gemeente tot stand kom. Die Gereformeerde Kerk Pretoria-Annlin het op **16 Oktober 1965** afgestig van die Gereformeerde Kerk Eloffsdal-Wonderboom-Suid. Eredienste het plaasgevind in 'n klein saaltjie in Staatsdorp op die Wonderboom Militêre Basis se grond en later in die skoolsaal van die nuwe Laerskool Wonderboom.

Twee erwe in Wonderboom is later aan die Gereformeerde Kerk Pretoria-Annlin geskenk vir die kerkgebou en pastorie. Die huidige kerkgebou is op 20 April 1974 in gebruik geneem.

In die vroeë **1980's** het die kerk so gegroei dat daar besluit is op 'n uitgebreide bediening. Daar was dus tussen **1984** en **2023** twee predikante om die groot gemeente te bedien. Gedurende **2011** is dr. Vorster uitgestuur na die Fakulteit Teologie van die Noord-Wes Universiteit met die opdrag om die gereformeerde teologie uit te bou. Hy bly steeds predikant van die Gereformeerde Kerk Pretoria-Annlin met beperkte verpligtinge.

Dr. De Vries is beroep met die spesifieke taak om die Engelssprekende lidmate van Gereformeerde Kerk Pretoria-Annlin as 'n wyk te bedien en om 'n selfstandige Engelse Gereformeerde Kerk noord van Pretoria te stig. Hy word dan ook gedurende **2019** die predikant van die selfstandige Grace Reformed Church.

Na **2023** was die Gereformeerde Kerk Pretoria-Annlin vir 'n tydperk sonder 'n predikant. Dr. Pieter Heystek van die Gereformeerde Kerk Montanapoort het die gemeente bygestaan en versorg te same met sy werk in sy eie gemeente.


Sestig jaar van oorvloedige genade (vervolg)

Met sy bevestiging op **14 Oktober 2023**, het ds. Pieter Kurpershoek die gemeente alleen met sy unieke gawes en ywerige werk begin bedien. Die Gereformeerde Kerk Pretoria-Annlin word steeds gereken as een van die grootste gemeentes met 391 besoekpunte.

Sestig jaar later is die omgewing waarbinne die Gereformeerde Kerk Pretoria-Annlin bestaan kultureel, godsdienstig, sosiaal en polities baie anders as wat dit was toe dit in **1965** tot stand gekom het. Ten spyte van veranderende, moeilike en uitdagende tye is die genadige hand van God nog elke dag oor ons gemeente en is God steeds besig om ons oorvloedig te seën en te bewaar.

Ons gemeente gaan DV Sondag, **19 Oktober**, feesvier. Ons beplan 'n interessante program met kort videogrepe oor ons geskiedenis, hoe vorige predikante die gemeente beleef het, hoe die terrein gelyk het en insette van lidmate, oud en jonk.

Ons gaan saam eet en kuier en elke huisgesin sal 'n gedenkblad ontvang met die kerk se geskiedenis. Hou die datum oop en hou die Fontein dop vir die finale program!



Die kerkgebou begin vorm aanneem.



Die kerkgebou na voltooiing in 1974.



Predikante

Ds. Jan Boneschans	1965-1969
Ds. Flip Snyman	1970-1975
Ds. Andries Myburg	1975-2001
Dr. Jan Venter	1984-2008
Ds. Attie Venter	2000-2023
Dr. Nico Vorster	2009-2011
Dr. Heinrich Zwemstra	2012-2018
Dr. Brian de Vries	2012-2019
Ds. Giepie van der Merwe	2018-2023
Ds. Pieter Kurpershoek	2023+

Deputate Diakonale Sake

Diakonie

Die Deputate Diakonale Sake (DDS)

se kwartaallikse vergadering wat einde Augustus 2025 sou plaasvind, is uitgestel na einde September 2025 ter wille van die finansiële state wat nie vir einde Augustus beskikbaar was nie.

'n Kort nuusbrief is egter ontvang om kommunikasiekanale oop te hou en skakeling aan te moedig. Vervolgens is 'n kort oorsig van sake van belang vir ons gemeente:

President Kruger Kinderhuis Pretoria

'n Subsidie vir die tydperk 1 April 2025 tot 31 Julie is op 21 Julie 2025 met groot dankbaarheid teenoor die Here ontvang. Die probleme met die Departement Maatskaplike Ontwikkeling in Gauteng heers steeds en regslui is in gesprek met hierdie instansie om hierdie probleme te probeer oplos. Alle diakonieë word versoek om die kinderhuis, asook die een in Reddersburg, steeds te ondersteun.

Zorgvliet Kampterrein


Die DDS is druk besig om die finale instandhoudingswerk by hierdie kampterrein af te handel. Die kampterrein is geleë langs die Liebenbergsvleirivier, ongeveer 8 km noord van Tweeling in die Oos-Vrystaat. Die DDS stel hierdie kampterrein aan gemeentes beskikbaar teen kosprys vir jeug-, gemeente- en belydeniskampe asook 'n kerkraad wegbreek of enige ander kamp of geleentheid waaraan u kan dink. (Sien die Curantis vir baie meer inligting!)

Nasionale Diakonale Kongres

Hierdie kongres sal DV op 25 Oktober 2025 te GK Rietvallei, Pretoria, plaasvind. Alle diakens van die GKSA word uitgenooi.

Curantis

Indien u 'n kopie van die Curantis wil bekom vir meer inligting, klik gerus op hierdie logo.



Kerkfinansies

Die stand van ons gemeente se finansies tot en met einde Augustus, word hieronder uiteengesit. Alle syfers is in Rand.

	Augustus 2025		Jaar tot datum	
Inkomstes	Werklik (Rand)	Begroot (Rand)	Werklik (Rand)	Begroot (Rand)
Lidmaatbydraes ontvang	**	**	**	**
Evangeliesasie-bydraes ontvang	**	**	**	**
Ander inkomste (huur/rente)	**	**	**	**
Totale Inkomstes	**	**	**	**
Uitgawes	Werklik (Rand)	Begroot (Rand)	Werklik (Rand)	Begroot (Rand)
Ramings	**	**	**	**
Instandhouding: Woordbediening	**	**	**	**
Evangelisasie	**	**	**	**
Emeriti-versorging	**	**	**	**
Sustentasië Mmakau	**	**	**	**
Bate-instandhouding & verbeterings	**	**	**	**
Administratiewe uitgawes	**	**	**	**
Sosiale bydraes	**	**	**	**
Jeug	**	**	**	**
Studentopleiding: kostes	**	**	**	**
Totale uitgawes	**	**	**	**
Netto tekort vir die maand	**	**	**	**

Vir Augustus 2025, het die kerkkas 'n netto tekort van ** gehad. Die kerkkas het vir die jaar tot datum 'n netto tekort van ** gehad. Die lidmaat bydraes vir Augustus 2025 was ** minder as die begrote maand lidmaat bydraes. Die lidmaat bydraes vir die jaar tot datum is ** minder as die begrote lidmaat bydraes. Ons versoek asb. die gemeente lede om getrou hulle bydraes maandeliks af te staan aan die kerkkas.

Instandhoudingsfonds	Augustus 2025	Jaar tot datum
Spandeer	**	**

Die bate instand-houdingsfonds het ** spandeer gedurende die maand, en vorm nie deel van die bostaande uitgawes nie.

Nagmaal-ete - Augustus 2025



Rubrieke

Ons leer ken ...

Ds. Pieter Kurpershoek

Axel en Juanita Powroznik

Nadat Axel en Juanita Powroznik gedurende die afgelope maande aan ons gemeente se eredienste begin deelneem het, het hulle nou deel geword van ons gemeente. Dis vir ons 'n voorreg om vir hulle welkom te sê en saam met hulle te kan bid dat hulle saam met ons almal al meer in verbondenheid met Jesus sal leef, in Hom gewortel en op Hom gebou (Kol. 2:6).

Axel se Poolse van Powroznik is aan ons bekend deur sy broer en skoonsus (Werner en Marietjie) wat al sedert 2005 deel van ons gemeente is. Beide Axel en Juanita het noord van die Magaliesberg opgegroeï (Axel in Pretoria-Noord en Juanita in Annlin) en as egpaar was hulle jare lank deel van NG Kerk Wonderboom en NG Kerk Magalieskruin.



Axel het voorheen in die konstruksiebedryf gewerk, maar is die afgelope jare in die hernubare energiebedryf met sy eie besigheid, Afrisolar. Juanita ry weer elke dag Tygerpoort toe om daar die administratiewe verantwoordelikhede van 'n maatskappy te hanteer.

Axel en Juanita is geseënd met 'n dogter, Francelle, en 'n seun, Wiechert. Francelle is besig om haar by Boston University in die bemarkingsveld te bekwaam, terwyl Wiechert tans met sy rekordeksamen by Hoërskool Overkruin besig is. Beide Francelle en Wiechert het ook al hul eie besighede: Francelle in die hoenderbedryf en Wiechert wat sonpanele skoonmaak.

Juanita en Axel, dis vir ons as gemeente heerlik dat julle nou saam met ons ons Here aanbid en dien. Mag ons mekaar help om vas in die geloof te leef, met dankbaarheid vervul en gerig op ons Here Jesus alleen!

Kollig op ons Kommissies en Diensgroepe

Tradisionele dienste

Diakonie

Die opneem van kollektes tydens die eredienste en die dienste gelewer tydens nagmaalvieringe is al vir baie dekades aan die meeste van ons lidmate bekend.

Waar kom dié naam vir hierdie diensgroep vandaan? Volgens die HAT 6 omskryf die woord tradisie “sekere gebruike, opvattinge en gevoelens wat van geslag tot geslag oorgedra en in stand gehou word, bv. kerklike tradisies”. Om hierdie kerklike tradisies/gebruike te handhaaf en in stand te hou, is diakone aangewys (as koördineerders) om ons gemeente op te bou as ’n gemeenskap van gelowiges. Die verantwoordelikhede van hierdie diensgroep behels dat beplanning en organisering sorgvuldig gedoen word. Daar moet ook hulp (waar en wanneer dit nodig is) verleen word.

Die diakonie het derhalwe besluit om die Kommunikasie en Tegnologie gedeelte ook by hierdie groep in te skakel, alhoewel dit streng gesproke nie tradisionele pligte is nie. Die vertoon van skyfies word al vir ongeveer 15 jaar in ons gemeente gebruik en die stromings-dienste slegs oor die laaste 5 jaar (sedert Covid-19), maar die klankstelsels en die onderhoud daarvan is al baie jare met ons. Hierdie besluit is ook daarop gebaseer om al die nuwe diensgroepe doeltreffend te koördineer.

Hierdie diensgroep bestaan dus uit die volgende twee entiteite en hul pligte en verantwoordelikhede is as volg:



Kommunikasie & Tegnologie:

(Diak. Dirk Theron is koördineerder). Die nagaan van die klank- en skermstelsel voor die eredienste ’n aanvang neem moet deurlopend onderhou en herstel word. Ds. Pieter se mikrofoon en die diensbaarheid daarvan is ook hul verantwoordelikheid. Die stroming van ons erediens op Kerkdienstgemist en Youtube word deur br. Dirk en sy bekwame span hanteer. Sr. Gerda moet sorg dat die regte lieder op die regte tyd op die skerms wys wanneer ons sing. Van tyd tot tyd sal daar ook bystand gelewer word vir sommige kosterfunksies (daaglikse sorg van die kerkgebou).



Nagmaal, kollektes en hulpverlening:

(Diak. Petri Venter is koördineerder). Hierdie entiteit se menslike hulpbronne en werksaamhede word hoofsaaklik saamgestel uit die diakonie. Voor die nagmaalsdiens word daar heelwat voorbereiding gedoen, tydens nagmaal word dienste gelewer en opruiming word na die diens gedoen. So moet die nagmaalstafels geplaas en gedek word, die brood voorberei en die nagmaalswyn/vrugtesap gereedgemaak word. Daar moet ook toegesien word dat die rotering van die bediening ordelik geskied. ’n Ander belangrike aspek is die opneem, hantering en bestuur van kollektes. Hierdie proses verg inspanning en baie streng protokol moet te alle tye nagekom word. Hier vervul diak. Wimpie le Roux en diak. Andrie Beumer ook ’n belangrike rol. Hulpverlening met mobiliteit van bejaardes en verswaktes vir die eredienste en nagmaal kan ook gereël word.

Dit borrel in my!

As gelowiges kan ons Jesus se liefde en genade vir ons en sy weldade nie vir onself hou nie, maar wil graag daaroor praat met ander. Dit wil as't ware uit ons borrel! Die redaksie het dus besluit om 'n rubriek te begin waarin ons ons **borrel-ervarings** met mekaar deel. Hierdie is dan die eerste inleidende artikel (Red.).

Ons getuienis teenoor ongelowiges

Andries Leuschner

Wat het jy gevind is die beste manier om te getuig teenoor ongelowiges? Hierdie vraag is aan studente in gevangenis gepra nadat hulle oor 'n paar weke die waarhede in die Bybel geleer het. Die vraag was as volg:

“What have you found to be the best way to witness to unbelievers?”

Dit is dalk 'n moeilike vraag aan iemand wat sopas van die Bybel en die Here begin leer het. Maar dit is beslis 'n geregverdigde vraag vir alle gelowiges en veral vir almal wat jare lank al hulle geloof bely en wat met en vir die Here leef.

Almal het dit al beleef. Soms was dit mooi beplan en soms was dit op die ingewing van die oomblik. Of soms was dit bloot toevallig.

Kom ons vertel vir mekaar wat was dit wat jý gevind het. Was dit 'n wonderlike oomblik of oomblikke wat jy ervaar het? Het jy ervaar dat jou getuienis teenoor 'n ongelowige krag gedra het? Vertel op watter manier jy getuig het.

Dit is goed dat ons daarvoor dink, as ons die Here daarin sien en as ons dit met mekaar deel. Sodoende word die werk van die Here met mekaar gedeel. Kom ons ondersteun mekaar, deel mekaar se ervarings en leer sodoende van en by mekaar.

Stuur asb. jul bydraes na **fontein@annlin.co.za**. Dit hoef nie langer as so een of twee paragrawe te wees nie. Ons hoop om maandeliks so twee of drie ervarings in ons maandblad onder hierdie rubriek te plaas (Red.).


Blokraai September 2025

- ✦ Alle lidmate word uitgenooi en aangemoedig om deel te neem!
- ✦ Sluitingsdatum is die dag waarop die volgende redaksievergadering plaasvind. Dié datum verskyn in die kalender.
- ✦ Name van lidmate met korrekte inskrywings sal in die volgende maandblad aangekondig word.
- ✦ Maak 'n kopie/afskrif en voltooi dan die blokkiesraaisel. Vir die gerief van ons ouer lidmate is 'n paar kopieë op die kennisgewingbord beskikbaar.
- ✦ Maak seker dat jou naam en van op die voltooide blokkiesraaisel aangebring is.
- ✦ Skandeer die ingevulde blokkiesraaisel en stuur dit aan fontein@annlin.co.za of plaas die papierweergawe in die fontein briewebus by die kennisgewingbord in die voorportaal.

Vorige korrekte
blokkiesraaisels:

Andrie Beumer
Hettie Wannenburg
Rita Kruger
Jan Rehder

Naam en van: _____



Blokraai (vervolg)

Leidrade - Af:

- 1 Wie is die koördineerder in beheer van die nagmaalsdiens? (uit Tradisionele diensgroepe)
- 2 Voltooi: In die ___ verskyn klein advertensies. (uit Uit die pen van die redakteur)
- 3 In watter psalm prys Dawid die skepping? (uit Uit die pen van die redakteur)
- 4 Voltooi: Psalm ___ getuig van die werk van God se hande. (uit Gebedsbediening)
- 6 In watter Bybelboek word ons ewige tuiste beskryf? (uit Het jy geweet?)
- 7 Watter bome gee die eerste aanduiding dat die seisoen gedraai het? (uit Oral in die skepping blink U naam en majesteit)
- 11 Voltooi: Die naam van die nuwe rubriek is Dit ___ in my.
- 12 Watter Bybelboek word in die artikel Lente ... nuwe lewe aangehaal?
- 13 In wie se artikel word die proses van Heiligmaking beskryf? (uit Die nuwe lewe)

Leidrade - Dwars:

- 1 Uit watter Bybelboek kom die skrifgedeelte vir hierdie maand se woorddoordenking? (uit Ons nuwe lewe in Christus)
- 5 Voltooi: Prof. Nico Vorster noem die lewe na die dood die ___ tydperk. (3,3) (uit Die lewe na die dood)
- 8 Wat is die eerste voëlsoort wat in die Bybel genoem word? (uit Kraaie en rawe)
- 9 Wie was die tweede predikant van GK Pretoria-Annlin? (4,6) (uit Sestig jaar van oorstroomde genade)
- 10 In watter deel van die Maandblad kan lidmate hul opinies deel? (uit Uit die pen van die redakteur)
- 14 Watter nuwe diens is sedert Covid-19 in gebruik geneem? (uit Tradisionele diensgroepe)
- 15 Noem een van die drie mentors wat by die gevangenes betrokke is. (uit Mentors vir gevangenes)
- 16 In watter maand is die huidige kerkgebou in gebruik geneem? (uit Sestig jaar van oorstroomde genade)
- 17 Wat is die onderwerp van die rubriek vir hoërskooltienaers?

Het jy geweet?

Gerhard van Staden

In Openbaring 21 word ons ewige tuiste in beeldryke taal beskryf.

✕ **Daar sal 'n nuwe aarde en 'n nuwe hemel wees.**

✕ **Daar is ook 'n nuwe Jerusalem.**


✕ **Johannes sê dat ons nuwe woonplek sonder boosheid gaan wees.**

✕ **Om hier te kan woon moet ons die regte “paspoort” hê.**

✕ **Die “paspoort” sal toon dat ons Jesus as ons persoonlike Redder vir ons nuwe lewe moes aanvaar het!**

Bronnelys:

Stander, Hennie. 2002. Kan jy glo dit is in die Bybel? Vanderbijlpark: Carpe Diem Boeke.



Diere en voëls van die Bybel

Kraaie en Rawe (Deel 5)


Gerhard van Staden

Kraaie is dikwels in die Bybel saam gegroepeer en bestaan uit ses spesies, nl. die roek, die kerkkraai (albei winterbesoekers), die spotvoël, die waaierstertkraai, die “hooded”-kraai en die rawe.

Kraaie en rawe is groot vleisvretende voëls wat kenmerkende ooreenkoste het met baie soorte roofvoëls wat betref hul jag- en aasvretergewoontes. Daarom is hulle ook as onrein beskou (Lev. 11:15 & Deut. 14:14).

Die kraai is die eerste voëlsoort wat in die Bybel genoem word (Gen. 8:7). 'n Kraai was die eerste voël wat Noag vanaf die Ark losgelaat het, maar dit het heen en weer gevlieg totdat die water op die aarde opgedroog het.

Voorts word die kraai drie keer in die Bybel genoem as spesiale simbool van God se sorg. (Job. 39: 3, Ps. 147:9 & Luk. 12:24). Die les wat ons moontlik hieruit kan leer, is dat God omgee vir Sy skepsels, ongeag van hoe sleg sommige van hulle se gewoontes ook al mag wees.



In Jes. 34:11 lees ons ook van God se oordeel oor die volke en nasies, in die besonder Edom, en sê Hy dat die uile en kraaie Edom in besit sal neem en hulle daar sal tuismaak.

Elia het koning Agab, 'n baie slegte koning, gewaarsku dat dit nie vir die volgende drie jaar en ses maande sou reën nie. God het hierop Elia opdrag gegee om ooswaarts te trek tot anderkant die Jordaan en by die Kritspruit te skuil. God het die kraaie opdrag gegee om elke oggend en aand vir Elia brood en vleis te bring. Deur op hierdie manier vir Elia te voorsien, het God gewys dat Hy ook vir Sy kinders omgee en hulle versorg (1 Kon. 17:4-6).

Ten slotte verwys Spr. 30:17 ook na die kraaie as volg: “Die oë van 'n man wat met sy vader spot en vir wie dit benede hom is om sy moeder te gehoorsaam, sal uitgepik word deur die kraaie, opgevreet word deur die roofvoëls”.

Volgende keer kyk ons na die trekvoëls.

Bronnelys:
Cansdale, George. 1970. All the animals of the Bible Lands. Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House.

Tienerfokus

Verandering is altyd daar

Henriëtte Mulder

Daar is die spreekwoord wat sê dat die enigste konstante in ons lewens verandering is. Hierdie veranderinge kom na vore op so baie plekke in ons lewens. Ons skole verander, vriende word gemaak of verloor, sport word begin en eindig en skool word klaargemaak.

Hierdie veranderinge bring ons in nuwe seisoene van ons lewens. Soms stry ons so hard teen dit: ons wil bv. nie trek nie en eerder in die koshuis agterbly, want verandering is vreesaanjaend. Wanneer ons egter terugdink en kyk, weet ons dit het ons goed gedoen.

Partykeer is die verandering iets waarna ons uitsien. Ons sien uit om die jaar klaar te maak, om vir die eerste keer alleen saam met vriende met vakansie te gaan, om 'n grootmens te wees. So beweeg van ons hierdie jaar in 'n nuwe seisoen in waarin ons klaarmaak met skool. Ons sien opgewonde uit na daardie matriekvakansie, of om te weet dat ons dalk universiteit toe gaan of selfs om dadelik na skool te begin werk.

“... moet ons altyd onthou dat die grootste ondersteuning wat ons het, altyd Jesus sal wees. Hy gee vir ons hierdie nuwe lewe – die geleenthede, die verandering, die groei.”



Maar, om in 'n nuwe tyd van ons lewens in te stap, kom teen 'n prys – soos elke verandering. Ons besef dit nie altyd nie – meeste van die tyd besef ons dit eers jare later. Om klaar te maak met skool en 'n grootmens te wees, beteken dat jy nou verantwoordelik is vir jouself. Jy maak jou keuses en dra self en alleen die gevolge daarvan. Om dit makliker te maak, het ons 'n goeie ondersteuningsraamwerk nodig, want of ons dit nou wil erken of nie, verandering is nie maklik nie – dis soms skrikwekkend. Ons het vriende nodig wat by ons gaan staan, ons nie onder groepsdrup gaan plaas om verkeerde dinge te doen nie, maar ons gaan terughelp op die regte pad indien nodig. Ons het ons ouers, of ander volwassenes, wat reeds die paadjie geloop het, nodig om raad te gee sodat ons die veranderinge wat oor ons pad kom kan hanteer sonder om moedeloos te raak. God het mense vir ons gegee om ons by te staan en te leer om van Hom afhanklik te wees.

Daarby moet ons altyd onthou dat die grootste ondersteuning wat ons het, altyd Jesus sal wees. Hy gee vir ons hierdie nuwe lewe – die geleenthede, die verandering, die groei. Maak op Hom staat, draai na Hom wanneer die lewe te swaar word of die angste oor die verandering wat kom te veel raak. Geniet hierdie nuwe seisoen!



Die Groot Geheim - Deel 5

Nicola du Plessis

Die eerste paar meter het goed gegaan, maar toe gee die remme in. Teen 'n groot spoed snel die sak voort.

Herman en Luan duik net-net betyds uit die pad. Met 'n donderende slag tref die sak vol bakstene die paal waaraan die tou vas is. Herman tel die foon wat in die proses op die grasperk beland het op. Hy draai die kamera na die sak teen die paal. Dan sê hy in sy ingenieurstem: "Toetslopie een, beslis onsuksesvol." Hy stop die video-opname. Hulle loop nader na die sak en maak dit oop. Van die bakstene het in stukke gebreek, ander is net geraak.

"So, as dit 'n paal kan induik, wat presies kan dit aan 'n mens doen?" vra Anzel toe hulle die sak afhaak en die duik in die paal sien.

"Heel moontlik dieselfde, as ek moet raai, maar ek gaan definitief nie die een wees waarmee julle eksperimenteer nie," sê Edwin. "So, vir môre se toetslopie gaan ek 'n ander remstelsel moet uitdink."

"Ek sal by my netbalafrigter hoor of ons een van daardie spons beskermers vir die paal kan leen," laat Lea van haar hoor.

"Ek dink ons moet dalk 'n staander vir die kamera bring, sodat hy kan aanhou afneem wanneer dinge verkeerd begin loop," sê Herman.

"Vertrou jy nie my vermoë om remme te ontwikkel nie?" vra Edwin verontwaardig.

"Natuurlik nie, Edwin, ek het jou met vanoggend se toetslopie vertrou en daar het amper net 'n nat kolletjie van my en Luan oorgebly."


"Aanhouer wen! Sien julle môre, selfde tyd, selfde plek," laat Suzanne van haar hoor, maar die twyfel in haar stem is duidelik hoorbaar ...



Kleuterprent

Inkleurprent

Vra vir mamma of pappa om 'n afskrif te maak van hierdie bladsy. Plaas dan jou ingekleurde prent op die kennisgewingbord. Ons wil graag sien!



Aktiwiteit

Vra vir mamma of pappa om 'n afskrif van hierdie bladsy te maak.

Kyk na die prentjie van nuwe lewe en soek die versteekte volgende voorwerpe:

- | | | |
|------------------------|-----------|----------|
| • Kruis | • Duif | • Skoene |
| • Hart | • Kroon | • Mossie |
| • Vissimbool (Ichthys) | • Sleutel | • Mier |
| • Bybel | • Skild | |



Briewekolom

Briefie vir die maandblad

Goeiemôre Corrie

Só baie dankie vir jou besielende artikel in die Fontein
Maandblad: " Dien met Vreugde".

Ook ds. Pieter se preek van Sondag wat ten nouste
aansluit by dié besondere maandblad se inhoud.

Dit is vir my so hartseer dat soveel lidmate net soms
in die kerk gesien word en verder is hulle wat die
gemeente se aktiwiteite betref, totaal afwesig ...

Ek het groot waardering vir elke maandblad se inhoud-
artikels en julle doen baie moeite daarmee!!

Liefdegroete
Annatjie Myburg



Snuffelfontein



Afri-Solar Supplies
Vir alle solar produkte en
installasies.
Kontak Axel Powroznik by
082 2244 584.
sales@afrisolarsupplies.co.za



Milex Hurricane
11 liter Lugbraaier
R500 of naaste
aanbod
Kontak Johnny by
0828853573



Russell Hobbs
Koffie Masjien
R400 of naaste
aanbod
Kontak Johnny by
0828853573

Blokadvertensies

Gereformeerde kerk Pretoria-Annlin

**60 jaar van
Genade en Diens!**

GK Pretoria-Annlin het die voorreg om
DV **16 Oktober 2025** haar 60ste
jaar van Genade en Diens in
ons Here Jesus Christus te vier!



Saterdag **18 Oktober 2025**, word
die feesdag gehou en Sondag
19 Oktober 2025 'n erediens
om hierdie 60ste bestaansjaar
te huldig.

Alle oud-lidmate asook alle
belangstellendes word hartlik
uitgenooi om die naweek
saam met ons fees te kom vier!



2025

AfriJees

PAUL KRUGER 200

Vrydag 24 Oktober | 19:00
Saterdag 25 Oktober | 14:00
duetfees@gmail.com | 082 377 1112

Jannie Moolman & Natasha Joubert
Louis Look & Loriska Schmidt
Hendri Myburgh & Nadia Beukes
Wynand & Chereë Strydom

**Kaartjies kos R200, R230 of R280 en kan bespreek
word by Riekie Prinsloo.
Riekiep3@gmail.com en 082 586 9167.**

PROJEK WAARDIGHEID

ONDERSTEUN ONS GERUS EN
SKENK VAN HIERDIE
BADSAKKIEPRODUKTE
**ONS BENODIG
DONASIES/SKENKINGS**

- Seep (blokkie, nie jel)
- Tandepasta
- Tandeborsels & waslappe
- Sjampoe
- Aanroldeodorant
- Sproeideodorant
- Lyfroom
- Sanitêre doekies
- Weggooibare skeermesse



855 behoeftige kinders (seuns en
meisies) in die TOIBO-geassosieerde
skole is afhanklik van hierdie skenkings!



TRANSORANJE INSTITUUT VIR
BUITENGEWONE ONDERWYS
Duxburyweg 174, Hillcrest, Pretoria
E-pos: info@toibo.org.za www.toibo.org.za

FONDSINSAMELING

SNOEKBRAAI

Gereformeerde Kerk Pretoria-Noord

20 SEPTEMBER 12:00 (R120pp)

EETGEREI VERSKAF • EIE 'KOELBOKS' WELKOM

Kontak Mari vir kaartjies of navrae:
082 436 9642 mari@lantic.net

SPYSKAART

- Gebraaide snoek
- Soetpatats
- Mengelslaai
- Broodrolletjie
- Soet verrassing

'Slap chips' te koop @R10 per porsie

Skandeer die QR Kode of klik op die ikoon hieronder vir ons sosiale platforms:

